



“As die nood my oorval, hou U my in die lewe teen die woede van my vyande in: U strek U hand uit, U regterhand red my.”

Psalm 138:7 (1983-vertaling)

April 2021

1 Mosambiek

Minstens 250 000 mense is verlede jaar intern ontwortel (sommige talle kere) deur Al-Shabaab-aanvalle. Bid vir voorsiening in al hul behoeftes en uithouvermoë om Christus te midde van hul omstandighede te aanbid.

2 Horing van Afrika

Fatima* (in haar twintigs) is deur haar Moslem-familie verban toe hulle uitgevind het dat sy 'n Christen geword het. Geopende Deure het haar met haar verloskunde-studies bygestaan. Bid dat sy as vroedvrou 'n seën sal wees vir die vroue wat sy met kindergeboorte bystaan.

3 Libanon

Bid dat God hierdie land van verontregting sal skoonmaak en dat die kerkleiers goeie herders sal wees, met 'n duidelike visie van wat hul kuddes nodig het in hierdie tyd waarin niemand weet waarheen om te draai of te gaan nie.

4 Iran

Baie mense in Iran ervaar 'n ernstige gevoel van eensaamheid en onwaardigheid. Bid dat God aan Iranse Christene wysheid sal gee om na sulke mense uit te reik en dat mense hul waarde in Jesus Christus sal vind.

5 Mianmar

'n Groep Gelowiges vanuit 'n Moslem-agtergrond is drie jaar gelede by hul werke afgedank. Hulle sukkel steeds om as vlugteling te oorleef, en is desperaat

(Mianmar vervolg)

vir werk en behuising. Bid vir God se voorsiening en beskerming vir hulle.

6 Sentraal-Asië

Pastoor Tammar* is verlede jaar aan Covid-19 oorlede. Hy laat sy vrou, Nadine*, en hul kinders agter. Bid vir Nadine en haar kinders terwyl hulle hul verlies verwerk, asook vir God se voorsiening in hul lewens.

7 Die Golf

Leena*, 'n jong gelowige, is verlede jaar deur 'n kultusleier mishandel en vergiftig. Bid vir genesing vir Leena, wat na die voorval gehospitaliseer is. Bid ook vir Geopende Deure se plaaslike vennote, wat bewustheid kweek oor kultusse wat jong Christen-meisies teiken.

8 Bangladesj

Bangladesj is verlede jaar deur Covid-19, sikloon Amphan en afgryse vloede getref. Bid vir God se genade vir Sy Kerk in hierdie land, sodat hulle Sy hande en voete kan wees wat ander dien terwyl mense van hul verliese herstel.

9 Nigerië

Rose (34) se man is verlede jaar deur Fulani-militante, wat aanhou om gemeenskappe landwyd aan te val, vermoor. Sy sukkel om te oorleef. Bid vir God se geestelike en liggaamlike voorsiening aan Rose en talle ander soos sy.

10 Algerië

Die afgelope jaar was moeilik vir Algeriese gelowiges, en talle sukkel op ekonomiese gebied sedert die pandemie begin het. Bid vir werkseleenthede vir gelowiges sodat hulle vir hul families kan sorg.

11 Noord-Korea

Geopende Deure hou Bybelstudies in China vir Noord-Koreaanse vroue wat slagoffers van mensehandel was. Bid dat die Here die behoeftes van vroue wat die Bybelstudies bywoon, sal vervul en dat Hy hul families se harte sal aanraak.

12 Indonesië

Mense droom al vir lank oor verdraagsaamheid, veral op godsdienstige gebied. Ongelukkig is onverdraagsaamheid die



Verspreiding van komberse onder die arm gelowiges in Bangladesj.

(Indonesië vervolg)

norm vir diegene wat nie Islam beoefen nie. Bid dat die Liggaam van Christus sterk sal bly te midde van onverdraagsaamheid.

13 Katar

Ons probeer in aanraking kom met gelowiges wat Christus in isolasie aanbid, terwyl hulle nie weet dat daar ander gelowiges in die land is nie. Bid dat geïsoleerde gelowiges gevind en bemoedig sal word, en dat hulle dissipelskap van aangesig tot aangesig sal ontvang.

14 Suid-Filippyne

Jou gebede en ondersteuning help Geopende Deure om hulpmiddels aan honderde gelowiges te voorsien, wat hul inkomstebronne weens Covid-19 verloor het. Bid vir beskerming vir vrywilligers en vennote wat hulp aan gemeenskappe versprei.

15 Maleisië

Die werkloosheidsyfer het in April verlede jaar tot 5% gestyg, wat hoër is as die jaarlikse gemiddelde van die afgelope 30 jaar. Bid vir die mense in Maleisië en veral gelowiges, dat hulle sal voortgaan om op God te vertrou en Sy voorsiening sal ervaar.

16 Oos-Afrika

Geopende Deure het 'n paar jaar gelede vir Ayub* en sy broers en susters bygestaan toe hul Christen-moeder weens vermoedelike vergiftiging dood is. Bid vir beskerming vir Ayub en sy vriende, wat 'n gedeelte van hul besigheidswins gebruik om die Evangelie te versprei en gelowiges op te lei.

17 Viëtnam

Die twee dogters van Gia-co*, 'n gelowige wat verlede jaar dood is, is in hul oom en

(Viëtnam vervolg)

tante se sorg geplaas. Bid vir volgehoue troos vir hulle. Bid dat God hulle sal hoor en antwoord in moeilike tye.

18 Laos

Mense in pastoor Inpong se dorpie het sy huis verwoes omdat hy nie die Christelike aktiwiteit in sy tuiste wou staak nie. Bid dat vrees nie in die harte van pastoor Inpong en ander gelowiges sal oorneem na dié terugslag nie.

19 Jemen

Christen-mentors en opvoeders sit gewoonlik by jong leiers terwyl hulle saam studeer en staan hulle by om hul studies prakties toe te pas. Dit is egter nie op die oomblik moontlik nie. Bid vir wysheid en onderskeiding vir diegene wat afstandsonderrig aan leiers bied.



20 Arabiese Skiereiland

Soos wat die Kerk groei, het al meer Gelowiges vanuit 'n Moslem-agtergrond die begeerte om te trou. Bid dat God gelowiges met mekaar in aanraking sal bring, ook vir die doel van huwelike en dat Hy families wat Sy Naam verheerlik, sal ophef.

21 Nigerië

ἡ Dorpshoof is brutaal geskiet en doodgemaak deur Fulani-militante omdat hy vir Christene se regte opgestaan het. Bid vir troos vir sy vrou en seun, wat sy dood aanskou het. Bid ook vir Christen-leiers wat vir Christene se regte opstaan.

22 Mali

Amadou* het na die stad verhuis om te studeer. Hy het by sy Moslem-broer gewoon, maar dié het hom later uit die huis gegooi oor sy geloof. Hy moes gevolglik sy studies staak. Bid dat Amadou weer sy studies kan hervat en sy opvoeding kan voltooi.

23 Indië

Pastoor Ramesh, sy vrou en moeder is wreed aangerand deur ekstremiste. Rakesh en sy familie is ook deur mense in hul dorp aangeval en aangerand – alles oor hul geloof. Bid vir genesing, beskerming en troos vir hierdie families.

24 Broenei

Die egskedingsyfer in Broenei het skerp toegeneem, met die meeste egskedings wat in die land se hoofstad gebeur. Bid dat God getroude paartjies, insluitend Christene, sal seën en hulle sal help om hul uitdagings te oorkom.

25 Sri Lanka

Covid-19 het veroorsaak dat talle mense in Sri Lanka hul werk verloor het, wat tot gevolg het dat baie mense nie hul families kan onderhou nie. Bid vir God se voorsiening en leiding aan gelowiges wat werkloos is.

26 Sirië

Die burgeroorlog in Sirië is nou in sy tiende jaar. Die meeste kinders in Sirië ken slegs

(Sirië vervolg)

ἡ lewe van oorlog en word aan ernstige geestelike skade blootgestel. Bid dat God al die oorlogvoerende groepe terug na die onderhandelingsafel sal bring, sodat vrede in die land gesluit kan word.

27 Nepal

Die geletterheidsvlak onder die jeug is hoog, maar dit was nie altyd die geval nie. Bid dat vroue, beide oud en jonk, wat by Geopende Deure se geletterheidsklasse leer lees en skryf het sal aanhou groei in hul geletterheid en selfvertroue.

28 Irak

Hierdie land en sy mense het talle littekens wat nooit ἡ kans kry om behoorlik te genees nie. Bid dat die Kerk sal verenig en mense mekaar sal help waar dit nodig is. Bid dat hulle die Evangelie van Jesus Christus sal uitleef, ondanks alles wat om hulle uitmekaar val.

29 Egipte

Christen-kinders vanuit ἡ Moslem-agtergrond moet met beide ἡ Moslem- en Christen-naam saamleef omdat hulle nie wettiglik toegelaat word om hul godsdiens en gevolglik hul name te verander nie. Bid vir krag vir Christen-families en dat die wette eendag sal verander om bekeerlinge toe te laat om hul name en godsdiens te verander.

30 Demokratiese Republiek van die Kongo

Die Verenigde Nasies skat dat die Geallieerde Demokratiese Magte meer as duisend burgerlikes sedert die begin van 2019 doodgemaak het, ondanks verskeie militêre veldtogte om hulle te stuit. Bid vir genade, beskerming en voorsiening vir verplaaste en bedroefde mense.

1 Suidoos-Asië

Baie gelowiges het verlede jaar tragedies ervaar weens die pandemie en talle natuurrampe. Bid dat die invloed hiervan hulle nie sal ontmoedig nie, maar hulle geloof vanjaar verder sal versterk.

2 China

Pastoor Adam* het sy vrou in Desember 2019 verloor terwyl hy uitdagings weens vervolging en die pandemie ervaar het. Bid dat God meer kerkleiers deur sy bediening, wat hy nou sonder haar moet voortsit, sal toerus vir die talle klein huiskerkies.

3 Maledive

Die pandemie het aansienlike skade aan die land se ekonomie veroorsaak. Bid dat gelowiges sterk sal staan en in die nuwe jaar op God sal vertrou vir die uitdagings wat hulle ervaar.

4 Kenia

Lokho en haar familie het in 2019 hul harte vir Christus gegee. Sedertdien is hul lewens geïsoleerd en gemarginaliseer in die plaaslike dorp, waar hulle die enigste Christene is. Bid vir krag vir Lokho en haar familie, wat baie alleen in hul dorp voel.

5 Tunisië

’n Vroulike gelowige ervaar lyding in ’n slegte huwelik. Bid dat die Here vir haar wysheid sal gee om haar huidige situasie te hanteer en dat Hy aan haar ’n blywende oplossing vir haar probleme sal gee.

6 Iran

Talle slagoffers van mishandeling, beide gelowiges en nie-gelowiges, het nêrens om heen te gaan vir hulp en ondersteuning nie. Bid saam met ons dat hierdie mense



(Iran vervolg)

h manier sal vind om in aanraking te kom met aanlyn-hulpbronne en beraders wat hulle kan help.

7 Gaza

Die Christene in Gaza is h klein minderheid, wat nou meer as ooit swaarkry weens h gebrek aan vryheid om te reis, asook h tekort aan elektrisiteit en drinkwater. Bid vir diegene wat hul werk verloor het en nie meer in staat is om hul huur of hul kinders se opvoeding te betaal nie.

8 Colombië

Pastoor Perea lei tien gemeentes langs die Atratorivier in Chocó, waar paramilitêre groepe aanwesig is. Bid dat die Here pastoor Perea en ander pastore, asook mense wat in hierdie gebied werk, sal beskerm.

9 China

Chinese gelowiges ervaar h geweldige uitdaging om te midde van verskerpte vervolging sterk te staan en vir die Here te getuig. Bid vir wysheid vir die Kerk om beproewings te oorkom in h toenemende vyandige omgewing.

10 Indië

Die media in Indië word grootliks deur die regerende Bharatiya Janata Party beheer. Hulle misbruik dit om haatveldtogte op sosiale media van stapel te stuur. Bid dat God die harte van leiers sal verander sodat hulle hul mag vir alle mense se beswil sal gebruik.

11 Kameroen


Sadia*, h Gelowige vanuit h Moslem-agtergrond, probeer voortdurend om haar verhouding met haar familie te herbou – ondanks die feit dat hulle haar weens haar geloof dreig. Sy vra dat ons vir haar familie se redding moet bid. Bid ook vir haar genesing van kanker.

12 Bangladesj

Rukhia Raut (23) is verlede jaar deur Moslemans seksueel aangerand en toe doodgemaak. Bid vir troos vir haar familie terwyl hulle hul hartseer probeer verwerk. Bid ook vir geregtigheid vir haar familie en ander families wat sulke tragedies moes deurmaak.

13 Turkye

Moslem-polisiemagte beskou bekering tot Christenskap as h ongeldige rede om aan mense h toevlug te gee. Dit skep vir



Chinese gelowiges ervaar h geweldige uitdaging om te midde van verskerpte vervolging sterk te staan en vir die Here te getuig.

(Turkye vervolg)

Christen-vlugtelinge h risiko om na hul tuislande gedeporteer te word. Bid dat die internasionale diplomatieke korps dit as h ernstige probleem sal erken.

14 Somalië

Faith* (18) het ondanks die bedreiging van gevangenskap of lewensverlies gekies om Christus te volg. Dank die Here vir Faith se dapper keuse om Christus te volg. Bid vir haar veiligheid en dat haar oortuigings h getuienis vir haar familie sal wees.

15 Arabiese Skiereiland

h Christen-vrou ervaar ernstige vorms van aanranding weens haar geloof – eers deur haar familie en nou deur haar skoonfamilie. Bid dat die Heilige Gees haar sal versterk sodat sy in haar geloof kan vasstaan.

16 Maleisië

Pastoor Raymond Koh, pastoor Joshua Hilmi, sy vrou, Ruth Sitepu, en Amri Che Mat (h sosiale aktivis) word die afgelope paar jaar vermis. Bid vir diegene wat hard werk om antwoorde te help vind oor wat met hulle en talle ander mense wat op h geheimsinnige wyse verdwyn het, gebeur het.

17 Sri Lanka

Die Paasfees-aanvalle in 2019 het die land se ekonomie drasties beïnvloed. Toe Covid-19 toegeslaan het, het dit nog nie ten volle herstel nie. Bid vir stabiliteit vir die land se ekonomie en vir verligting vir mense wat daardeur geraak word, insluitend Christene.

18 Nepal

Daaglikse loonarbeiders en talle ander mense het hul werk tydens die Covid-19-inperkings verloor. Talle mense sukkel nog om werk te kry, wat dit moeilik maak om hul families te ondersteun. Bid dat God vir hulle sal voorsien, hulle sal help om goeie werk te

(Nepal vervolg)

kry en hulle in hul werk sal seën.

19 Ethiopië

Dari* (9) is in 2019 seksueel aangerand deur h seun in haar dorp omdat sy h Christen is. Bid vir geregtigheid vir Dari en dat die Here haar fisies, geestelik en emosioneel ten volle sal genees van die trauma wat sy ervaar het.

20 Kenia

Jemima* het tot bekering gekom nadat sy haar Moslem-familie se woning verlaat het. Haar familie het gedreig om haar in h huwelik met h Moslem-man te dwing, wat haar sou toesluit. Bid dat sy ondanks die dreigemente sterk sal staan in haar oortuiging en in haar geloof versterk sal word.

21 Libanon

h Christen van Libanon sê: “Ons moet die Here dank dat ons nog leef. Die jaar 2020 het nie aan ons baie geleenthede gegee om asem te haal nie.” Bid dat die Here die Kerk in Libanon hierdie jaar sal onderhou en aan dit wysheid sal gee vir alles wat gedoen word.

22 Mianmar

Christen-Rohingyas word deur die regering vervolgd omdat hulle h minderheidsgroep is, asook deur Moslem-Rohingyas omdat hulle Islam verlaat het. Hulle wil na hul huise terugkeer omdat hulle uitdagings in



(Mianmar vervolg)

vlugtelingkampe ervaar. Bid dat God hulle sal help om h tuiste te vind waar hulle in vrede kan bly.

23 Sirië

Dit is in die huidige omstandighede h groot uitdaging vir gelowiges om aan te hou hoop. Bid dat die Here hulle sal help om te sien waar Hy voor hulle uitgaan om die weg vir hulle voor te berei en dat hulle sal voel dat Hy hulle hande vashou.

24 Libië

Emna* word weens haar geloof in Jesus deur haar man bedreig. Bid vir beskerming oor haar lewe en dat haar man nuuskierig sal word oor wat Emna in Jesus gevind het en Hom ook sal leer ken.

25 Marokko

Habiba* se man het haar geskei omdat sy h Christen geword het. Sy moet nou h nuwe blyplek vind. Bid dat sy h nuwe blyplek sal kry en toesig oor haar kinders sal behou.

26 Suid-Filippyne

Ons hoop dat gelowiges se geloof deur Bybelstudies versterk sal word. Bid dat hierdie Bybelstudies vrugte sal dra onder diegene wat dit bywoon, en dat hul geloof en verhouding met God hierdeur sal groei.

27 Indonesië

Bid vir kerke regdeur Indonesië dat hulle sal aanhou om die Here te soek en hul

(Indonesië vervolg)

geloof in Hom sal vestig. Mag hulle Sy hand op hulle voel, ondanks alles wat hulle weens hul geloof moet verduur.

28 Laos

h Christen-familie se huis is laat verlede jaar weens hul geloof verwoes. Bid vir beskerming en voorsiening vir hulle, asook vir ander gelowiges wat dieselfde lot in die gesig staar.

29 Irak

Irak is h ryk land, maar die mense leef in armoede. Bid vir wysheid vir die heersers van die land sodat dit stabiel kan word en sal floreer. Bid ook dat Christene in hierdie land deur God as h bron van hoop te midde van die duisternis gebruik sal word.

30 Tanzanië

Toe Aisha* (18) se Moslem-familie van haar bekering hoor, het hulle haar verwerp en opgehou om haar skoolfooie te betaal. Dit het haar moedeloos gemaak en hoop laat verloor. Bid dat Aisha sal aanhou om haar na die Here te wend en dat haar familie Hom ook sal leer ken.

31 Burundi

Toe Onan* h Christen geword het, het sy pa, h bekende sakeman in hul dorp, hom en sy vrou, Eliza*, uit die huis geskop. Hy het hom ook by die werk afgedank. Bid vir die Here se voorsiening vir Onan en Eliza in al hul behoeftes.

*Verteenwoordigende foto's is gebruik en name is weens sekuriteitsredes verander.

Alle inligting was korrek teen druktyd.

Vervolg  Maar nooit alleen.



Geopende Deure

Diens aan vervolgde Christene wêreldwyd



Open Doors South Africa

www.opendoors.org.za

Posbus 1771, Cresta, 2118

T +27 11 888 9341

E southafrica@od.org

 064 867 4730